
FABEL
RETIEF
BOEIE
VAN DIE
DOOD
Meiring Fouché

Toe Alwyn Colenbrander so skielik sterf met 'n dolk in sy hart, kon daar geen motief gevind word nie; kon daar selfs geen vyand van die vermoorde man opgespoor word nie. Lank het die polisie vergeefs gesoek na 'n leidraad, maar toe die kranige Fabel Retief op die toneel verskyn, is dit nie lank nie, of hy gaan haal as 't ware die spoor van die moordenaar daar ver in die Westelike Woestyn van Noord-Afrika . . .

Maar hierdie moordenaar is nie 'n katjie wat sonder handskoene aangepak kan word nie, soos Fabel baie gou aan die inwoners van die dorpie X demonstreer. Maar tot sy ontsteltenis moet hy naderhand uitvind dat selfs hy sy teenstander hierdie keer onderskat het . . .

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Moord | 7 |
| 2. | Die Weduwee | 18 |
| 3. | Die Kroegman | 27 |
| 4. | Besoeker in die Nag | 37 |
| 5. | Drama in 'n Slaapkamer | 48 |
| 6. | Die Gyselaar | 59 |
| 7. | Oor die Afgrond | 70 |
| 8. | 'n Kreet van Nood | 79 |
| 9. | Gevaarlike Plan | 87 |
| 10. | 'n Draaiende Aasvoël | 98 |

Hoofstuk 1

## MOORD

DIE onverwagte en aaklige dood van mnr. Alwyn Wilhelm Colenbrander twee weke gelede het die klein dorpie aan die spoorlyn in die suidelike deel van Suidwes-Afrika deerlik geskok. Nie net die dorpie nie maar die hele omliggende deel waar boere en winkeliers en andere nou nog steeds geesdriftig praat oor die bloedige voorval.

Want mnr. Alwyn Wilhelm Colenbrander is koelbloedig vermoor. Hy is vermoor op 'n wyse wat in hierdie dele heeltemal onbekend is. Hy is gedood deur 'n kort skerp dolk wat in sy hart ingedryf is.

Sy aantreklike vrou, Renske, het hom een nag na middernag in sy leunstoel in sy studeerkamer dood aangetref. Mev. Colenbrander was 'n week lank histeries en dit is nou maar die afgelope dag of drie dat sy kalmer is en weer met mense praat.

Nie alleen die feit dat 'n moord in hierdie klein en vreedsame gemeenskap plaasgevind het en dat dit op so 'n wrede en buitengewone wyse plaasgevind het, is van belang nie. Die geval is ook opsienbarend omdat dit juis met Alwyn Colenbrander gebeur het. Alwyn Colenbrander was 'n regskape, vriendelike, hulpvaardige en besonder gesiene en welgestelde inwoner van die dorpie X. Hy het, sover bekend, geen vyand nie. Net vriende. Hy was die nie-amptelike burgemeester van die plek en hy was 'n prokureur van aansien. Sy vrou, Renske, is bekend vanweë haar gasvryheid en die aangename onthale wat sy van tyd tot tyd in hul ruim woonhuis aanbied. Hulle het net een seun—eintlik mev. Renske Colenbrander se seun. Alwyn Colenbrander was haar tweede man en by hom het sy geen kinders nie.

Wat die moord nog skokkender maak, is dat daar op die plekkie X feitlik nooit iets gebeur nie. Hulle wat gewoonlik in die klein kroeg drink, kan slegs 'n paar gebeurtenisse

onthou wat in die afgelope ses maande op X plaasgevind het. Daar het 'n nuwe onderwyser aangekom by die laerskool, die tennisklub het 'n nuwe voorsitter gekry en dan het daar 'n nuwe kroegman uit die Republiek aangekom. Dit is omtrent al. Behalwe dat die water 'n tyd gelede gedreig het om in te gee, sodat die tuine daaronder gely het.

Die dorp X het geen aanspraak op aandag of beroemdheid nie. Dit is die middelpunt van 'n doodgewone barre boerderystreek waar dit besonder warm kan word, waar die reën soms twee jaar wegbly en waar almal iets weet van almal se sake. Die totale bevolking is maar 'n paar honderd siele.

Daarom dat die dood van Alwyn Colenbrander aan die hand van 'n moordenaar die dorp X tot in sy fondamente geskok het. Moord hoort eenvoudig nie by die dorp X nie.

„Dit moet 'n vuilgoed van buite wees," het die goeie burgers van X volgehou nadat hulle vir Alwyn Colenbrander met die nodige respek en belangstelling in die klein begraafplaas weggelê het. Moeders het hul kinders voor sononder die huise binne gebring en mans het gesorg dat hulle betyds saans tuis is. Party het gemeen dat dit oorbodig is omdat die moordenaar stellig nog dieselfde dag weer vertrek het.

Die sersant van polisie op X, sers. Terblanche, was net so oorbluf. Hy en sy konstabel het aanvanklik alles onderstebo gekeer om die moordenaar te probeer vind. Maar vergeefs. Hulle het die distrikskommandant betyds laat weet en hy het opgedaag om met 'n ondersoek te begin, maar vergeefs. Hulle het twee speurders uit Windhoek laat kom en dié het die hele dorp omgekeer. Maar vergeefs.

Nie 'n aanduiding kon gevind word presies in watter omstandighede Alwyn Colenbrander aan sy einde gekom het nie. Die lyk is deeglik ondersoek. Die klaarblyklike rede vir die dood was 'n diep wond in die bors wat deurgedring het tot in die een hartkamer.

Oor die moordtuig was daar geen twyfel nie. Sers. Terblanche het self die kort skerp dolk uit Colenbrander se bors verwyder. Hy het dit met die grootste versigtigheid gedoen, maar hoewel die dolk van A tot Z ondersoek is, is



daar nie 'n enkele vingerafdruk aan gevind nie. Nog nooit was 'n moordtuig so skoon soos hierdie dolk wat in die hart van Alwyn Colenbrander gevind was nie. Daar was net niks op nie. Selfs nie aanduidings dat die dolk deur 'n hand vasgehou was waaroor daar 'n handskoen was nie. Hulle het Alwyn Colenbrander se studeerkamer feitlik onderstebo gekeer in hul gesoek na die geringste aanduiding van 'n voetspoor miskien, of 'n meubelstuk wat verskuif is of iets van dié aard. Maar vergeefs. Alles het doodgeloop in die studeerkamer van Alwyn Colenbrander. Nie 'n enkele leidraad kon gevind word nie.

Sers. Terblanche sal dit nooit aan iemand sê nie, maar sy eerste indruk was dat hy mev. Renske Colenbrander moet verdink van die moord op haar man. Die sersant het in sy loopbaan al geleer dat 'n vrou soms op die oppervlakte so kalm en goed en aantreklik kan wees maar dat daar in haar hart baie donker hoeke is. Hy het haar dan ook onder noukeurige kruisverhoor geneem, maar toe hy klaar was, was hy oortuig daarvan dat Renske Colenbrander met die hele saak niks te doen het nie.

Natuurlik ook. Die sersant se hele teorie was 'n vergissing, want Renske Colenbrander was besonder geheg aan haar oorlede man. Hulle was altyd 'n toonbeeld van liefde en aangename verkeer met mekaar. Nooit het hulle mekaar dwars aangekyk of 'n bietjie hard aangespreek nie.

So het dit dan gekom dat die ondersoek na die dood op Alwyn Colenbrander plaaslik doodgeloop het. Op die rustige klein dorp was daar geen aanduiding van enige aard nie. Die sersant en sy konstabel, en die twee speurders uit Windhoek het tot een gevolgtrekking gekom : dat die net wyer gegooi moet word en dat die moordenaar op 'n ander plek gesoek moet word. Hulle het aangeneem dat die moordenaar na sy bloedige daad terug is na die Republiek.

Wat hulle nog die meeste verbyster het, was die gebrek aan enige denkbare motief vir die moord. Alwyn Colenbrander is 'n man van Hollandse herkoms wat klein-klein in Suid-Afrika aangekom het en wat intussen heeltemal

verafrikaans het. Hy het hom jare gelede reeds op X kom vestig, waar hy 'n lonende en voorbeeldige praktyk opgebou het.

Colenbrander het, sover bekend, geen vyande op die dorp gehad of op enige ander plek nie. Hy het 'n normale en rustige lewe gevoer, sonder enige skaduwees daarin. Hy het gehou van sy potjie tennis of van 'n handjie kaart saam met vriende. Soms het hy 'n sopie brandewyn in die kroeg geniet en dan opgewek met almal gesels wat daar sit, want vir Colenbrander was daar geen onderskeid tussen arm en ryk nie. Vir hom was hulle almal mense en hy het in hulle almal belang gestel. Jaarliks het hy met sy vrou en stiefseun na die kus gegaan vir vakansie. En so was dit dat daar nooit 'n skaduwee gekom het oor die lewe van Alwyn Colenbrander nie.

Dit was hierdie verbysterende feit wat die plaaslike polisie laat besluit het om hulp in te roep. Hulle het dit stilweg gedoen sonder opspraak of sonder dat enigiemand daarvan geweet het, behalwe hulself. En so het dit gekom dat 'n lang skraal man met donker hare en opvallende blou oë in 'n ligte somerspak, met een tas in sy hand, nou hier op die stasie van X van die passasierstrein afklim.

Op die klein perron is daar feitlik niemand nie, behalwe die paar stasiemense en een of twee koerantverkopers.

Die lang man vertoef nie op die perron nie. Hy stap 'n stasieman by en vra hom of daar 'n taxi is. Die stasieman lag in sy gesig.

„Ons het nie sulke goed hier nie, meneer. Hier loop ons maar waar ons wil wees."

Die lang skraal kêrel glimlag onder sy hoed, neem sy tas op en stap die dorp binne.

Die klein plat hotel lê naby die stasie en dit is vir elkeen sigbaar wat sy oë oophou.

Hierdie lang skraal man is 'n besonderse man. Daarom het hy per trein gekom en daarom het hy die plaaslike polisie die strengste opdrag gegee dat niemand hom op die stasie moet kom ontmoet nie.

Dit is warm en stil noudat hy die dorp binne stap want



dit is kort na die middag. Die hitte dans op die dakke en die son skroei teen 'n mens se nek. Die lang kêrel lig sy strooihoed 'n slag en toe steek hy sy hand in sy binnesak om te voel of die foto nog daar is. Ja, die foto is nog daar.

Hy sien die koel stoep van die hotel maar hy gaan nie daarheen nie. Hy swenk na waar hy die enigste beweging in die dorp sien. Die beweging van 'n vlag van die Republiek aan 'n lang vlagpaal. Dit is waar die polisiestasie is, dit weet hy. Dit sit nie in die hoofstraat nie en daaroor is hy dankbaar.

Daar is sweet aan sy hare en sy hand voel lam van die swaar koffer toe hy die polisiestasie binnestap.

Hy sit sy tas neer, vee met 'n sakdoek oor sy voorkop en toe sê hy vir die jong konstabel agter die toonbank: „Sersant Terblanche?"

„Wie is dit wat hom wil sien?" vra die konstabel.

„Dit maak nie saak nie," sê die lang man. „Sê net vir sers. Terblanche hier is 'n besoeker wat hom wil sien."

Die konstabel kyk nuuskierig en 'n bietjie uit die hoogte na die vreemdeling. „Dit is ons gewoonte hier om te sê wie dit is wat die sersant wil sien."

„Ek gee nie om wat julle plaaslike gewoontes is nie," sê die lang man skerp en ergerlik. „Sê asseblief vir sers. Terblanche dat ek hom wil sien."

Die konstabel gaan in en hy kom uit. „Die sersant sê u kan maar binnekom."

Die vreemdeling gaan agter die toonbank om en by 'n deur in. Agter die lessenaar sien hy 'n enigsins gesette man met 'n pankop en twee oë wat nie baie intelligent lyk nie. Die sersant bly sit waar hy is en die lang man kan nou verstaan waarom die man 'n sersant is op 'n plek soos hierdie. Sonder om homself bekend te stel, sonder om hom te groet, haal die lang man 'n koevert uit sy binnesak wat geadresseer is aan die stasiebevelhebber van die dorpie X.

Die sersant skeur dit oop en lees die kort brief en toe is hy op sy voete.

„So," sê hy, „dan is u die speurder wat ons kom help? Welkom, man."

Terblanche steek sy vet hand uit. En die vreemdeling vat dit. „Is u sers. Terblanche?"

„Dit is reg man, sit. Ek is bly om jou te sien. Fabel Retief?" Die sersant sink weer in sy stoel neer en frons. „Ek kan nie sê dat ek al van u gehoor het nie."

„Ek is redelik onbekend," sê Fabel Retief.

„'n Koppie koffie?" vra Terblanche.

„Nee, dankie," sê Fabel, „dit is te warm."

„Steyn," roep die sersant en die jong konstabel kom vinnig binne. „Steyn, weet jy wie hierdie is? Dit is die man wat ons kom help. Hy is spesiaal gestuur deur 'n hoë offisier van die Speurdiens van die Republiek."

Jong Steyn se gesig lyk asof hy van die galg af kom toe hy na Fabel Retief kyk.

Fabel staan op en groet hom vinnig.

„Roep vir Aggenbach en Drotskie," beveel Terblanche. Toe hulle binnekom, stel Terblanche hulle aan Fabel Retief voor. Hulle is die twee speurders wat uit Windhoek gekom het. Drotskie hou Fabel se hand lank vas.

„Tog nie die beroemde Fabel Retief nie?" sê hy. „Ons voel geëerd om u hier te hê."

„Fabel Retief?" sê Aggenbach en sluk. „Maar dit kan nie wees nie! Ken jy die man, sersant?" vra hy vir Terblanche.

„Ek is bevrees nie," sê Terblanche.

„Dan sê ek nie nou nog 'n woord nie," bars Drotskie uit. „Hy was die beroemdste speurder in die Republiek en jy ken hom nie!"

„Luister hier," sê Fabel kalm, „daar is een ding wat ons oombliklik moet regstel. Ek wil in geen omstandighede dat enigiemand weet wie ek is nie." Hy kyk na konstabel Steyn, toe na sers. Terblanche en toe na die twee speurders. „Dit is noodsaaklik," sê Fabel, „dat die doel van my besoek hier geheim gehou moet word. Daarom is ek hier doodgewoon mnr. Marais. Ek wil nie saam met julle gesien word nie en ek wil dit in geen omstandighede bekend hê dat ek met die polisie in verband staan nie. Verstaan ons mekaar nou goed?"



„Ek dink dit is heeltemal duidelik," sê Terblanche. „Mag ek weet waarom?"

„Dit spyt my, sersant, maar dit kan ek jou nie nou sê nie. Daar is in elk geval 'n goeie rede voor. Voorlopig moet dit nie bekend wees dat ek iets met die polisie te doen het nie, en in godesnaam, my naam is Marais!"

Fabel Retief buig oor, neem die brief op en oorhandig dit aan sersant Terblanche. „Ek sal bly wees, sersant," sê hy, „as jy die instruksies wil voorlees wat by die brief aangeheg is."

„O, ek het nie geweet nie," sê Terblanche en nog eens kom Fabel onder die indruk van hoe onbeholpe hierdie sersant is.

Terblanche lees in die aangehegte instruksies dat Fabel Retief tydens sy verblyf bekend moet wees as mnr. Marais tot tyd en wyl hy self anders besluit. Die instruksie is onderteken deur 'n hoë speuroffisier van die Republiek.

„Dan verstaan ons mekaar nou goed," sê Fabel.

„Ek reken dit is heeltemal duidelik," sê sers. Terblanche en hy kyk spesiaal na konst. Steyn.

„Verstaan jy, Steyn?"

„Ek verstaan, sersant."

Dit is speurdersers. Drotskie wat die geesdriftigste is oor Fabel. „Sersant," sê hy vir Terblanche, „ek kan dit nog nie glo dat jy nog nooit van Fabel Retief gehoor het nie. Weet jy waarom sy naam Fabel is?"

„Ek het geen benul nie," sê Terblanche.

„Omdat hy die skitterendste speurder is wat ons nog gehad het. Die goed wat hy al aangevang het, klink soms soos 'n fabel, 'n feëverhaal. Daarom noem ons hom Fabel."

„Ek hoop net," sê Terblanche ewe droog, „dat mnr. Fabel in staat sal wees om hierdie moord op te klaar. Dit is 'n absolute raaisel."